RAADSBELEID

ONDERWERP : ONDERHOUDE MET UITVOERENDE KOMITEE

VERWYSING : 3.1.3.3.2.18

BESLUIT NR : 24/10/2002 DATUM : 28 Oktober 2002

BELEIDSOOGMERK : Om die publiek en organisasies die geleentheid te gun om sake aan die Uitvoerende Komitee voor te dra of om nuwe en bestaande besighede aan die Raad bekend te stel.

RIGLYNE

1. Dit word as beleid bepaal dat slegs instansies wat bewys kan lewer dat hulle namens 'n substansiële gedeelte van die gemeenskap praat en hul konstitusies aan die Raad kan voorlê, toegelaat sal word om met die Uitvoerende Komitee oor gemeenskapsklagtes/-versoeke in gesprek te tree.

2. Die bepalings van paragraaf 1, sal nie die regte van individue en spesifieke belangegroepe, (byvoorbeeld sakemanne) om die Uitvoerende Komitee te spreek benadeel nie.

PROSEDURE

1. Versoeke om Uitvoerende Komitee te spreek, sal met goedkeuring van die Speaker geskied.

2. Versoeke om die Uitvoerende Komitee te spreek, moet skriftelik met volledige vermelding van redes wees.

3. Daar sal onderskeid getref word tussen 'n versoek tot 'n gesprek of 'n versoek tot onderhoud.

4. In geval van versoeke tot 'n gesprek, moet die aangeleentheid deur die kantoor van die Burgemeester, in oorleg met die Munisipale Bestuurder, geallokeer word.

ROLLE

1. Die Administratiewe Beampte (Komitees) plaas, in oorleg met die Speaker, ‘n versoek tot ‘n onderhoud op die sakelys.

2. Die Speaker of die Munisipale Bestuurder, in oorleg met die Speaker, keur die aansoeke vir onderhoud met die Uitvoerende Komitee goed.

VERWANTE BELEID

Geen

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.